ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

Eerste Beginsels Kursus

Nr.1 (A)
Goeie Fondasies

ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

DIE BELANGRIKHEID VAN GOEIE FONDASIES

Die skrywer aan die Hebreërs lê in hoofstuk 5:11 tot hoofstuk 6:3 die hoofbeginsels van die Christelike geloof uit. Wanneer ons hierdie verse lees is dit duidelik dat die skrywer vra dat ons die hoofbeginsels moet bemeester en dan aan beweeg tot volwassenheid. Baie Christene het egter nie hierdie soliede fondasie van die hoofbeginsels gebou volgens hierdie hoofbeginsels nie en kan dus nie groei tot volwassenheid nie. Hierdie Kursus, "Die Belangrikheid van Goeie Fondasies" is die eerste van sewe wat gelowiges sal help om voorbereid te wees vir volwasse leeringe.

Bestudeer die inhoud van document 1(A) en beantwoord dan die vrae in dokument (1B). Al die antwoorde is vervat in dokument 1(A), so dit behoort nie te moeilik te wees om al die spasies te beantwoord nie. Op hierdie manier sal U die Fondasie Beginsels beter kan onthou.

Sleutel Verse:
Verse van 1953 uitgawe

Hebreërs 5:11-6:3
"…waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor. Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen om goed van kwaad te onderskei. 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel. En dit sal ons doen as God dit toelaat."

Lukas 6:46-49
6:46 *"En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie? 47 Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen – Ek sal julle wys soos wie hy is. 48 Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fundament op die rots was. 49 Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fundament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot."*

1 Korinthiërs 3:10-15
10 "Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondamente gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. 11 Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. 12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer,

kosbare stene, hout, hooi, stoppels – 13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. 14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; 15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."

1 Petrus 2:5
"en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus."

1. INLEIDING

a) 'n Rots is 'n substansie waarop 'n mens 'n struktuur bou.

b) Die fondasie ondersteun die gebou.

c) Inderdaad, elke gedeelte van die gebou is van die fondasie afhanklik.

d) As dit 'n sterk, diep en stewige fondasie het, sal die gebou staande bly, ongeag enige gebeurlikhede.

e) As die fondasie nie ordentlik gebou word nie, sal die gebou ineen stort wanneer probleem kom.

2. GEESTELIKE STRUKTURE

a) As dissipels van Jesus vorm ons lewens geestelike strukture.
In die Skrif, word die struktuur die volgende genoem:

i) 'n "tempel van die Heilige Gees" (1 Korinthiërs 6:19),
"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?"

ii) "God se tempel" (1 Korinthiërs 3:16)
"Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?"

iii) "God se gebou" (1 Korinthiërs 3:9)
"Want ons is medewerkers van God, die akker van God, die gebou van God is julle."

iv) 'n "Geestelike Huis" (1 Petrus 2:5)
"en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus."

b) Dit kan slegs sterk, hoog en bekwaam gebou word om probleme te weerstaan as die fondasies behoorlik gelê is.

3. JESUS DIE FONDASIE

a) *"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus."* (1 Korinthiërs 3:11)

i) Die beste fondasie word gelê op ‘n rotsbed.
ii) Ander minder stabile lae, soos byvoorbeeld gruis, sand, grond, klei en poreuse rots, behoort weggesny te word sodat ‘n groot struktuur op die rotsbed gebou kan word.

b) In ons Christelike lewens is dit dieselfde.

4. ALLES WAT ONS BOU BEHOORT OP JESUS CHRISTUS GEGROND TE WEES

a) Hy is ons rots en ons behoort niks te doen of te bou wat Hy nie ondersteun nie. (1 Kor.10:4) *“…en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.”*

b) As ons probeer om enigiets weg van dié waarheid te bou, gaan “Die Dag” (Oordeelsdag) dit openbaar, want alles wat ons gebou het gaan getoets word en ons sal slegs ons belonings ontvang vir dit wat staande bly.
(1 Kor. 3:10-15 sien sleutel verse op bladsy 2)

c) Jesus sal slegs wat Hy sy Vader sien doen ondersteun. (Johannes 5:19)
Joh.5:19 *“Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.”*

d) Daarom moet ons God die Vader vra vir wat Sy wil vir ons lewens is en slegs dit doen.

e) Dan sal ons weet dat Jesus dit sal ondersteun en ons kan begin bou.

5. ROTS OF SAND?

Jesus beskryf twee maniere van bou:
i) Op sand (‘n onstabiele fondasie) (Lukas 6:46-49 Sien Sleutel verse bladsy 2)
ii) Of op rots (‘n stabiele fondasie).

6. ONSTABIELE FONDASIES

Soveel mense, insluitende baie Christene, bou hul lewens op onstabiele fondasies soos byvoorbeeld:
i) Materialisme
ii) Ambisie
iii) Sport
iv) Opleiding
v) Filosofieë
vi) Tradisies van die mens
vi) Menslike wysheid ens.

7. STABIELE FONDASIES

Die enigste stabile rotsbed fondasie is die **Here Jesus Christus**, wie die lewende woord is (die waarheid).

8. ‘N GEGRONDE LEWE

a) Wat konstitueer ‘n gegronde lewe?

i) “Hy wat na My toe kom” - ‘n Verhouding met Jesus
ii) “Hy wie my woord Hoor” - Ten aanhore van sy woord
iii) “Hy wat My Woord toepas” - Sy wil doen

Lukas 6:46-49 *“En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie? Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen – Ek sal julle wys soos wie hy is. Hy is soos ‘n man wat ‘n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was.”*

b) Kan mens hoor en nie doen nie? (v. 46)

“En wat noem julle My: Here, Here en doen nie wat Ek sê nie?”
Dit is wanneer mens die Woord hoor en nie doen nie. (Jakobus 1:21-25)
“Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red. En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand ‘n hoorder van die woord is en nie ‘n dader nie, dié is soos ‘n man wat sy natuurlike gesig in ‘n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die Vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, mar ‘n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.”

c) Hoe is die mens wat hoor en die Woord doen (48a.)

“Hy is soos ‘n man wat ‘n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het;”
NB Hy verwyder alles wat tussen homself en die rots staan. Hy maak seker hy staan op ‘n stewige plek, al het hy met groot moeite diep gegrawe, wat duur en tydrowend is.

d) Hoekom moet die huis op rots gebou wees? (v.48b)

“en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was.
Dit is die aard van die lewe om stormagtig te wees. (Hebreërs 12:25 – 29)
“Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde ‘n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder ons wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons ‘n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is ‘n verterende vuur.”
Die storms ontsien niemand nie.

e) Wat het gebeur met die huis op die rots gebou? (v.48b)

Die huis sal nie wankel nie, omdat dit op rots gebou is.

f) **Wat gebeur wanneer storms die lewe van 'n Christen raak?**
Daar sal storms in ons Christelike lewens wees, maar as ons die Woord van die Here hoor en doen, sal die storms ons nie laat wankel nie.

g) **Wat is die gevaar wanneer ons ons Christelike lewens bou?** (v.49a)
"En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het."
(of op 'sand' – Matthéüs 7:26)

h) **Wat gebeur met die huis sonder 'n fondasie?**
Sodra 'n storm hierdie huis tref (dieselfde as die huis op die rots) stort dit in duie en vergaan totaal.

Gevolgtrekking:
Ons moet enige onstabiele fondasies in ons lewens uitken, hulle erken en uitgrawe – tot op die rotsbed – met die hulp van die Heilige Gees.

9. DIE BEWYS VAN VOLWASSENHEID

Die fondasies van ons lewens as Christene is so belangrik, dat dit onmoontlik is om daarsonder volwassenheid te bereik.

10. DIE FONDASIES VAN ONS GELOOF

a) Hebreërs 6:1-3 gee 'n lys van al die basiese hoofwaarhede waarop on ons lewens moet bou as Christene en lê dit vir ons op die hart dat ons streef na volwassenheid met God se toestemming.
Hebreërs 6:1-3 *"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel. En dit sal ons doen as God dit toelaat."*

b) Daar kan nie volwassenheid wees sonder God se toestemming nie.

c) As ons nie die regte fondasie lê nie, sal God ons nie 'n "boupermit" gee om voort te gaan met die bou van ons geestelike huis nie.

d) Baie Christene is onvolwasse – selfs baie wat oor 'n lang tydperk "wedergebore" is. Hoe tragies is dit nie.

e) Baie van die Christene behoort al ander te geleer het, of besig wees met die opleiding van hul eie dissipels, maar hulle is steeds geestelike babas in Christus, wat nog steeds geestelike melkies soek i.p.v. vaste kos. (Heb. 11-14)

11. BEWYSE VAN ONVOLWASSENHEID ONDER CHRISTINE

a) Hierdie Christine is energieloos en kom onwillig tot aksie; hulle het geen dryfkrag nie. Baie begin entoesiasties, maar word mettertyd so lui.

b) Geen verantwoordelikheid

Hierdie is die Christene wat nooit groot geword het nie en kinderagtig is en wanneer hulle veronderstel is om volwasse wees, en ander te leer van God se Woord en as mentors op te tree vir ander wat minder volwasse is.

c) Geen deelname

Sommige Christene dra niks by anders as om vir jare bloot deel te wees van getalle.

d) Geen onderskeidingsvermoë

Hierdie Christene kan dikwels nie onderskei tussen goed en kwaad nie.

e) Geen stabiliteit nie

Enige probleem gooi hierdie Christene. Hulle dryf soos skoenlappers tussen leerstellinge en kerke.

12. REDES VIR ONVOLWASSENHEID

a) Hierdie mense was moontlik nooit wedergebore nie.

Daar is onmiskenbare bewyse dat ons wel wedergebore is:

Die getuienis van die Heilige Gees (Romeine 8:16) "*Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;"*

i) Ons is nuutgeskape (2 Korinthiërs 5:17) *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

ii) Dit is ons begeerte om God te gehoorsaam (1 Johannes 2:3) *"En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar."*

iii) Ons is lief vir ander Christene 1 (1 Johannes 3:14) *"Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood."*

iv) Ons gehoorsaam die wil van God (Matthéüs 7: 21)

v) Ons smag na God (Psalm 42:2-3) "*Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?"*

b) Verwaarlosing

Hierdie mense sorg nie dat hulle geestelik fiks bly nie, maar dryf verkieslik weg saam met al die ander.

c) Ongehoorsaamheid

God het hulle gevra om iets te doen en Hy wag geduldig vir hulle om dit te doen.

d) Kompromitteer

Hulle laat toe dat kompromie hulle groei as Christene beperk.

i) Hulle verdra die "jakkalsies" wat die wingerd vernietig (Hooglied van Salomo 2:15) *"Vang julle vir ons die jakkelse, die klein jakkelse wat die wingerde verniel, want ons wingerde staan in die bloei."*

ii) Hulle doen die teenoorgestelde as wat God van hulle vra.

iii) Hulle gehoorsaam hulle eie selfsugtige begeertes eerder as God.

Hierdie dinge het beheer oor hulle lewe en bederf hulle omgang met God. Hulle balanseer hulle eie begeertes met dit wat die Here behaag. ‘n Vervulde lewe in diens van God maak dus plek vir frustrasie en ontevredenheid, wat nóg hulleself nóg God behaag.

13. ‘n Illustrasie van die fondasies van ons geloof